Skriflesing: Psalm 51:1-7; Romeine 5:12-21
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 3**
Teks: Psalm 51:7; Romeine 5:17
Sing- (Samesang- Ps.51:1,2)- Sing- Ps.71:9; Ps.9:5,12; Ps.96:1,6

Ek is ’n sondaar! Broeder en suster, dit het ons verlede keer in Sondag 2 al besef. Paulus wat uitgeroep het- *Ek, ellendige mens…*Die Wet waarin ons, ons sonde ontdek, dit vlek ons ellende oop. Die wet is ’n spieël. Dit is meer as ’n spieël. Ons sien daarin ’n vergroting van wie ons werklik is, maar terselfdertyd kom ons vandag by wat ons veronderstel was om te wees…Die liefde wat moes liefde wek…

God se wet is ’n liefdes-wet, sy liefde wat alles voorafgaan, dit begin met wat God doen….die Tien gebooie het ’n liefdes begin, dit begin met hoe Israel die slawehuis van sonde- Egipte uitgelei is…maar waar was ek en jy toe daar aan ons gevra is- Kan jy waarlik op God se liefde antwoord- *kan jy die wet ten volle nakom*? Née, ons het dit uitgeroep- *Ek is van nature geneig om God en my naaste te haat…*

Dit is ONS van wie hier gepraat word. Nie heidene, mense wat ek daar vêr, heeltemal buite die kerk moet gaan soek nie. Maar dis ons, die spieël van die wet sê, dis jy…dis ek! Ons is die haters, ons is die mense wat die spieël wat Christus in sy hand hier voor jou en my hou, nie kan toedruk, nog minder kan wegdruk, nie. Dit is eenvoudig nie moontlik nie. En soos die spieël ons al hoe duideliker uitwys, is dit haat in plaas van liefde. Dit wat God die grootste maak is sy liefde, dit wat ons die beste mee kan antwoord, dit wat ons die grootste maak, dis in ons natuur- dis haat- om God te haat, om my naaste te haat.

***

Om so iets te sê, kan nie maar sommer net aanvaar word nie! In Sondag 3 het ons te doen met van die rykste Sondag afdelings in die Kategismus. Dit gaan oor God se skepping, hoe God spesifiek die mens geskape het, die mens wat na die ewebeeld van God geskape is, ons wat heersers oor die aarde moet wees, onder-konings van die koning, die ontsaglike betekenis om hier God se ambassadeurs, sy verteenwoordiger te moes wees. Sonde en erfsonde…die oorsprong en uitwerking van die sonde laat my nie noodwendig die omvang daarvan dadelik begryp nie. Dis vraag 8 se werk om ons uit hierdie oorsprong en uitwerking van die sonde ook die werklike omvang te wys. Dit maak die

gewig net nog swaarder. Watter geweldig gewigtige saak om van wedergeboorte te praat. Dit doen Sondag 3 óók, inderdaad ’n abnormaal swaar vrag wat Sondag 3 dra, en wat ons die vrag in ’n enkele preek baie moeilik kan saamvat. Dit wat ons was, dit wat ons geword het, hoe ons anders kan word, is wat die jongste kind en die oudste broeder en suster na hierdie Sondag moet kan antwoord.

***

Hoe was ons?! Om dit in één woord saam te vat, is om te sê, dit was werklik VOLMAAK! Die mens is so haatlik, so boos, want die eerste vraag wat die mens in sy gedagtes vorm na ons besef hoe groot ons ellende werklik is, is om te wonder maar het God nie ook skuld nie. Het God ons nie goed genoeg geskape, goed genoeg dat ons bo die sonde kon bly staan nie! En dan is dit asof daar werklik nie genoeg woorde in enige taal bestaan om die volmaaktheid van hoe God alles geskape het, te beskryf nie. Dit was ’n geweldig hoë posisie waarin die hoë God die mens ingeskape het. In God se liefde wat ons reeds as die begin van alles gesien het, sou God net die beste doen. Die mens het werklik aan niks gebrek gehad toe hy uit die hand van God voortgekom het nie.

Om hierdie liefdevolle goedheid van God, dit wat by God volmaak uitstaan net nog duideliker te maak, is dat God sy liefde, Sy kennis, Sy heerskappy nie vir Homself gehou het nie, maar so goed was die skepping dat God Homself in die mens as ewebeeld wou vind. Besef ons wat ons sê…dit is eenvoudig asof God wou hê dat hierdie mens wat Hy hier skape, dat hierdie mens in baie opsigte na Hom wat God is, moet lyk! Bavinck stel dit as volg- “Wat die mens in die klein is, is God in die groot, in die oneindige grote!”. As skepping van God, skepsele van God is daar ’n totale afhanklikheid van God, maar tog wou God ons aan Hom bind, die verbond praat al nog voor daar sonde was. God die Vader wou Homself terugvind, wou aan die mens verwant wees, soos ’n seun aan sy vader. Om na die beeld van God geskape te wees, die Kategismus gebruik ’n nog sterker woord- om na die ewebeeld van God geskape te wees- sluit geweldig hoë dinge en kringe in. Jy kom in die kring van die goddelike, Vader, Seun en Heilige Gees, in daardie kring is dit eenvoudig so groot, so heilig, so hoog dat geen mens hier op aarde dit eintlik ten volle kan besyfer of bevat nie.

Ons troosboek, die Kategismus, praat van die geregtigheid, van die heiligheid, van die kennis van God, ja om vir God ewig te kon dien, juis om Hom te loof, deur God lief te hê, juis deur vir God te prys. Deur met Hom te heers, Hy die enigste Koning, elke kind ’n onderdaan, maar dan nie soos ’n slaaf nie. Om ’n volmaakte onderdaan van God te wees, was om ’n onder-koning te wees. ’n Koning heers, dit was deel van die volmaakte, ons moes konings wees, ’n priester is een wat moet liefhê, ons moes waarlik ook priesters kon wees, ’n profeet is een wat God moet ken, hierdie volmaakte skepping het sy profete wou hê, mense wat God reg kon ken. Hierdie was werklik hoë posisies, dit was ’n volmaakte posisie waarin die mens hom/haar direk na die skepping in bevind het.

Daar was geen sonde, geen verkeerde waarin en waaruit God die mens geskape het nie. Daar was ook geen proses, geen ewolusie ter sprake toe die volmaakte na vore kom nie. Die Kategismus sny die moontlikheid tot ewolusionêre gedagtes en asof die mens uit ewolusie ontstaan het, sommer baie vroeg af. Met wortel en tak moet dit uitgeroei word, want is daar nog altyd mense wat die proses van ewolusie meer volmaak wil voorstel as wat die volmaakte God dit kon doen,… God het net ’n volmaakte woord gesê , en dit was daar! Die volmaakte het die Woord gevolg, so volmaak is God in sy woorde en werke! Sy Woord is skeppings magtig.

Die oorspronklike mens, inwendig en na buite was daar geen vlek of rimpel nie. Hy het liefde in hom gehad en daar was geen haat nie. So volmaak soos die eerste mens daar was, so volmaak was ook sy toestand. God het die mens al die gawes gegee , dit wat werklik nodig was om sy beeld draers te wees, sy onder-konings! God het alle reg gehad, om ook van die mens die volmaakte te eis. Om God reg te ken, Hom regtig lief te hê, die mens sou dit eenvoudig kon doen. Maar hierdie mens, laat ons nou maar kyk, na wat ons was, na dit wat ons geword het…

***

Na alles so volmaak geskape was, waar selfs die engele in al hulle heerlikheid en glans nie eers so ’n wonderlike posisie soos die mens gehad het nie, want die mens was bestem om te heers, die engele was van die begin af bestem om te dien, om bediendes te wees. Daar kom die mens en die mens self krap alles deurmekaar. Dit is nog heeltemal te sag

gestel, die mens word die boosheid self, boser as wat boosheid kon wees. Daardie ellende wat ons verlede keer al na moes kyk, dit word ’n totaal ellendige toestand. Nie maar net uit jou land uit-ellende nie, maar ook word dit ellendig- ’n totale toestand waarin die een na die ander inkom- word so gebore- en ook by die uitgaan van die lewe- as ons sterwe is daar nog steeds ellende- ellende en ellendig sou die wagwoord op die mens se lewe word.

***

Die Kategismus wat ons toestand ken, geskryf in hierdie toestand waar Frederik III in 1563 sy eie soeke na troos, sy eie verlange na wat beter moet wees, nie meer kon inhou nie…’n werklike verlange na wat God se bedoelinge vir ons is, dit word die groot dryfveer… dit alles lei die geboorte kamer en die geboorteuur van die Kategismus in…want sien Frederik III saam met Ursinus, die hoof opsteller van die Kategismus dat kerkmense, dis hulle wat met mekaar twis en baklei. Die Lutherane wat die Calviniste verguis, waar Luther en Calvyn ten spyte van al hulle verskille nooit met mekaar op so ’n haatlike vlak begin verkeer, soos wat hulle onderskeie volgelinge nou met mekaar begin maak nie. As Ursinus hierdie haat teenoor God en mens opsom as die natuur van dit is hoe die mens is, dan praat hy eerstens uit God se Woord, maar ook hoe hulle hierdie haat van mede-gelowiges op hulle sien neerkom. Dit kom van alle kante, hierdie belydenis is gebore, net soveel die Nederlandse Geloofsbelydenis, nog twee jaar vroeër, uit mense wat die breekpunt van spanning en vervolging beleef het.

Soos aan al ons belydenisse kleef hieraan die reuk van martelaars vure, hulle is gebore in die nag van smaad- Guido du Bres, 1561, opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis, se ellende is groot. Op 1 en 2 November 1561 gooi hy die belydenis van die NGB saam met ’n brief oor die kasteelmuur van Doornik om die owerhede te smeek, hou tog op met julle vervolging. Hier is my brief, hier is wat ons leer. Hou op om ons seer te maak waar ons maar net wil leef ooreenkomstig die evangelie. Du Bres skryf dat hy praat namens 100 000 ander wat in die Nederlande glo soos hy, maar dit alles is meer werd as ’n mens se lewe.

Jou geloof is meer werd as jou lewe, kan u dit van uself sê, want het Du Bres in 1567 dit moes sê. Die kategismus is nou ook al vier jaar oud, en tog is Du Bres na hy gearresteer is, skryf hy die mees hartroerende briewe uit die gevangenis aan sy jong vrou. Deur hierdie ellende waar mense vra waaruit ken jy jou ellende, skryf hy oor sy standvastige geloof, oor sy heelhartige oortuiging van die gereformeerde leer, en Du Bres het met sy lewe betaal- 31 Mei 1567 is hy saam met mede-gevangenis opgehang nie oor wat hy gedoen het nie, maar oor wat hy bely het…

***

Een mens. Adam het hierdie ellende wat ook Du Bres getref het, die wêreld ingebring. Nou sal baie dink maar dit is mos nie soos dit moet werk nie. Met die val van daardie briewe oor ’n kasteelmuur, gaan die val ’n baie groter val vooraf! Die sondeval was nie maar net Adam en Eva se val nie. Die sonde het alles verwoes. Die ellendige mens, Paulus skryf dit – nie net vanuit sy ellende nie, maar vanuit die Gees geïnspireerd, die Heilige Gees sê dit reguit- *deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het…*en dan laat die res van hierdie Skrifgedeelte geen twyfel dat die begin van die sonde was ’n dodelike besmetting wat nie daar geëindig het nie. Om te sondig in die betekenis van Romeine 5 is om verdorwe en boos te wees. Almal uit mense gebore is na Adam sondig en boos. Calvyn skryf hier- …”toe Adam van die beeltenis van God afstand gedoen, kon hy nie ’n nakomeling anders as sy ewebeeld verwek nie. Ons het dus almal gesondig, omdat ons almal met die natuurlike verdorwenheid besmet is, en so is ons sondig en boos…”

As Adam maar ’n geïsoleerde geval sou wees, hoekom sou God so drasties wees, so ingrypend dat geen moederskoot meer babas in die wêreld bring waar die sonde die skoot en die geborene nie los nie. Van bevrugting tot bevalling is daar al sonde, om nie eers te praat van die sonde wat die geborene nog weer self doen nie. Erfsonde is erfskuld van Adam af, dis erfsmet van ons ouers af, dit is waarlik nie God se skuld nie, ons eie skuld, dit moet ons weer sê, niemand kom hiervan vry nie. Ons het reeds saam met Paulus hierdie eenheid in Adam bely, nou nie ’n eenheid wat positief kan wees nie, ons moet dit ook saam met Dawid doen. Nog baie jare na Adam, maar ook weer baie jare voor Paulus

roep hy dit uit- *Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang…* By ons doop was dit ook duidelik voor die Here erken: "dat ons in sonde ontvang en gebore word en daarom aan allerhande ellende, ja aan die verdoemenis self onderworpe is…"

Die dwaling van Pelagius en die Pelagiane en die nog latere Remonstrante wat in ons tyd die Pinksterkerke insluit hulle is hier dwars teen ons belydenis in… teen die Woord van die Here beweer hulle dat alle mense, en dan veral eintlik kindertjies en suigelinge met 'n skoon bladsy gebore word, dat hulle eintlik van nature goed is. Daar is geen erfsonde nie, die mens het 'n vrye wil om die goeie te doen. Satan is met sy bedrogspul soos hy in die paradys daarmee geslaag het nog altyd besig. As die Kategismus praat van ons *val en ongehoorsaamheid* dan sien dit op die verleiding van Satan maar die mens is nie maar net 'n beklaenswaardige slagoffer nie, maar is ten volle toerekenbaar, die ongehoorsaamheid was 'n opsetlike daad teen sy beterwete in. Ons het geen vrye wil meer tot die goeie nie. Ons dien vrywillig die sonde, maar is onmagtig om die goeie te doen. Ons is geneig tot alle kwaad.

Dit wys werklik dan ook hoe diep die mens geval het. Die Kategismus sê dat **ons is so verdorwe dat ons uit onsself glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is…**Uit die mens sonder die hulp van God kan daar waarlik niks, ja waarlik NIKS goeds na vore kom nie. Geneig tot alle kwaad. Daar is ook geen versagtende omstandighede moontlik nie. Jesaja roep dit ook in hfst. 53 uit- *Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop…*In Job hfst. 15:14,16,35 dan staan dit bymekaar- *Wat is die mens, dat hy rein sou wees? En hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy regverdig sou wees?...*16- *hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!...*35- *Hulle is swanger van moeite en baar onheil; en hulle skoot bring bedrog voort.* Dit kom maar terug na wat die Here al voor die sondvloed gesê het- Gen. 6:5-Die Here sien - *dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was…*Dit wat ons hier voor die Here bely- is hierdie Sondag werklik ook tot troos, of het ons hier te doen met oordeel op oordeel.

Broeder en suster, die Kategismus is ons troosboek. Laat ons dit by elke Sondag onthou. Elke Sondag is bedoel om jou en my te midde van sovele ellende te troos. In die donkerste donkerte van ons ellende is daar die kort woordjie *tensy*- meer modern vertaal kom die woord *behalwe…* Latyn gebruik die woord *nisi*-die Duits sê- "Es sey denn…***behalwe as ons deur die Heilige Gees wedergebore word…***

Sondag 3 het in werklikheid twee geboortes! In antwoord 7 was ons eerste geboorte, ons gewone geboorte waar ons in sonde ontvang en gebore word. In hierdie eerste geboorte is ons as mense gebore, wat sondaars is. Ons kan niks anders as sonde doen nie. Antwoord 8 het 'n tweede geboorte. Die wedergeboorte deur die Heilige Gees. Vir Nikodemus het die Here Jesus hierdie daad van God in die stilte van die nag geopenbaar-…dit staan in Joh.3 sommer kort na mekaar . Eers sê die Here in v.3-…: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.* En dan weer v.5- *Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.*

Om vandag ook dit te kon hoor- 'n geboorte uit die Heilige Gees, is om in Christus gebore te word. Hoe wonderlik om in die diepste ellende hierdie wonderlike troos te mag ontvang. Wat vir mense onmoontlik is, dit is vir God moontlik. In 2 Kor.3:5 dan staan dit ook- *Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God…*Tussen wat ons vandag gehoor het- is daar net twee weë - of ons gaan verlore of ons word wedergebore. Deur die sonde is ons die teenoorgestelde van wat ons moet wees- Laat ons na Christus gaan- die laaste Adam. Mag ons 'n volgende keer nuut gebore ook na Sondag 4 gaan, wel nog deel van dit wat my ellende is, waar ons vandag kon sien wie ons nou eintlik is, kom ons by die deel waar ons besef hoe God absoluut regverdig is.

AMEN

Vrae uit Sondag 3

1. Wie se skuld is dit dat mense mekaar doodmaak, mekaar haat, en dat daar siektes en ellende in die lewe is?
2. Het God enige skuld daarin dat die mens gesondig het?
3. Het God sy Wet vir ons uit liefde gegee of om ons te straf?
4. Hoekom sê ons dat aan ons belydenis kleef die reuk van martelaarsvure?
5. Wat verstaan jy onder om na die ewebeeld van God geskape te wees?
6. Hoe kan dit wees dat Adam se sonde nou ook op ons 'n invloed kan hê?
7. Kan 'n mens uit homself/haarself darem nie net 'n klein ietsie goed doen nie?!
8. Watter twee tipes geboortes hoor ons in Sondag 3 van?
9. Wat het die Here daardie een nag vir Nikodemus gesê? (Lees Joh.3)
10. Hoekom word Christus ook die tweede Adam genoem?